# OESTYD

## November 2016

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

## *SENDINGFEES 2017*

***aangebied deur Diensgetuienisbediening***

*Sondag 19 Febr 09:00* *Andries en Sunette Schwartz van Mosambiek*

*Sondag 19 Febr 18:30* *Natasja van Geopende Deure*

*Vrydag 24 Febr 18:30* *Sendingete*

*Sondag 26 Febr 09:00* *Johan Naude en persone werksaam in Laudium*

*(Geloofsoffer-beloftes word opgeneem)*

*Sondag 26 Febr 18:00* *Radio Feba*

## ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

***Nuusbrief– November 2016:***

***Renew Hope. Restore Cambodia.***

"Our Anti-Exploitation Programs confront the complex issues of human, trafficking and sex slavery in a dark underworld that preys on society's most vulnerable women and children. We believe that there is hope in the midst of the darkness, and are fully committed to responding through the key areas of prevention, rehabilitation and reintegration."

Die bediening gaan ongelooflik baie veranderinge - dit voel of dit net nie ophou nie. Die CEO en die RAP projek leier het bedank. Dit is regtig moeilik om 'n CEO wat alles wat vereis word vir die posisie te kry - bid asb vir dit. Pisey neem oor van die projek leier. Dit maak my opgewonde om te sien hoe die Khmer gegroei het gedurende die laastr 20jaar - nie meer uitlanders nodig nie al dink so baie nog steeds uitlanders is die antwoord vir alles. Sy is 'n ongelooflike goeie leier en 'n amazing Christen. Ek het die uiterste respek vir haar Christenskap, profesionaliteit en as mens. Bid vir haar asb sy is ook ma van 2 klein dogtertjies.

Ons het verlede week 5 vrouens vanaf China terug gekry - almal soek hulle fortuin buite die land maar kom ontnugter terug met baie slegte ervarings. Die vroue is eers terug na hulle families en kan keuses maak om terug te kom sodat RAP hulle kan help om te studeer en gehelp word om in werk te kry - dit bly egter hulle keuse.

Hartseer is dat een van ons jong vrouens oor 'n naweek met 'n cult te doen gehad het, deur hulle gedoop is en nou weier sy om selfs saam met ons te bid. Sy lees net die ou Testament, gooi 'n doek oor haar kop as sy bid en weier om met enigeiets te deel oor haar nuwe geloof en wie die groep is - bid asb vir haar.

Wil jy verstaan wie Ratanak is - kyk dan asb na onderstaande links.
http://ratanak.org/ https://www.facebook.com/ratanakinternational/

**WAT 'N VOORREG OM DEEL TE MAG WEES!**

**16 January 2017 - 21 jaar in Kambodja**

Ek sien 'n berader onder andere om deur baie gebeurtenisse wat ek gedurende al die jare in Kambodja / as sendeling ervaar het. Hy sê toe vir my dit is feitlik net ons wat in die 90's ingekom het wat langtermyn gebly het en dat die groep baie vinnig minder word. Die nuwe norm is nou 5 - 10 jr. As ek terug kyk maak dit eintlik sin - dit maak re-entry soveel makliker. Soms maak die feit dat die land waarnatoe ons geroep word/ oorspronklik

gegaan het ons comfort zone word, waar ons vriende is, waar ons taal is ens en dit maak discernment soveel moeiliker.

Ek het regtig baie met mense gepraat, my dogter en ek met wie ek ure oor die Bybel en oor skype kan gesels het ook oor terugkeer na SA gepraat, iemand het die week vir my gesê jy het die Khmer met jou hele menswees vir 21jaar gedien dit is tyd om te rus ......

**Ek het besluit om einde Maart 2017 na SA terug te keer - dit is tyd**

- Al die jong vrouens saam met wie ek huidig 'n pad in die RAP huis loop sal dan gereintegreer in samalewing wees.
- My visa RAP verval einde Maart en ons moet dan weer vir 'n jaar aansoek doen
- Gemeentes wat my al jare ondersteun het begin finansieel swaar trek
- Enige sendeling kan huidig werk kry in Kambodja met goeie salaris - maar dis nie hoekom ek hierna toe gekom het nie en ek het beplan om eendag terug te keer

**Onseker oor hoe dinge gaan uitwerk - maar weet God is in beheeer, sal voorsien en ek het nie beheer oor hoe dinge gaan uitwerk nie.**

- Ek is ongelooflik moeg en weet nie hoe lank tyd ek gaan nodig hê om te herstel van uitbranding etc nie
- Ek het feitlik geen aardse besitings in SA nie (boeke en klere het ek) - ek het alles weg gemaak toe ek na Kambodja gekom het - my grootste behoefte sal 'n baie baie betroubare klein, lig op brandstof voertuig wees.

Ek is ook ongelooflike dankbaar dat daar paar individue is wat gesê het hulle sal my nooit ophou ondersteun nie - maar ek verwag dit nie almal se lewens omstandigshed verander.

**MY droom ....**

- Om eers te rus en heel te word
- Om die werkswinkels tov my pastoral berading studies te kan bywoon en klaar maak
- Om 1) betrokke te raak by sendelinge - voorbereiding, ondersteuning op die veld, berading en terug keer 2) Trauma berading 3) mercy ministries

Sommige sien my in verpleging - ek is +21jr uit verpleging, 60% van my mediese taal is Khmer, medikasie etc kennis is Europeans, Asian, Korea etc - ek sien nie kans vir dit nie

**Bid asb vir my** .... My vakansie by my kinders, afskeid neem (mourning) en gereed maak om terug te gaan na SA, ook het baie die trauma baggage saam met die reentry nogal moeilik gaan moeilik. Onthou ook na 21 jr in Asia is ek nie meer heeltemal SA'er nie.

**Met ongelooflike en opregte dank aan elkeen van julle wat al soveel jare die pad saam geloop het en nooit opgegee het op my nie ten spyte van wie ek is - dankie vir die jare wat julle saam geloop het en impak saam my in Kambodja gemaak het.**

***E-pos – 5 November 2016:***

Vanoggend toe ek wakker word lees ek weereens die welbekende deel 'Jesus calms the storm' en my gedagtes vat toe sommer koers en ek dink daar aan dat ek geneig is om die boodskap se application te koppel aan lewens storms/challenges etc. .
Met ongelooflike vrede in my gemoed dink ek toe aan die konsep van die stil word van die storms binne in my menswees. Soms worstel en woel dit erg binne my hart en gemoed - soos nou terwyl lewenspaaie verander / wanneer ek die onsekerhede in my hand hou oor my toekoms. Dit is dan met hierdie same'ste hand wat die deur se knop oop gedraai moet word om die deur oop te stoot word... die keuse is nie om deur die deur te loop nie omdat dit 'n gegewe is - die keuse is met watse geloofs attitude ek daardeur gaan loop.
Ai hoe wens ek ek was super holy en kon sê ek het geen vrese nie ...Soos julle weet beplan ek om einde Maart terug te keer na SA - die hartseer om afskeid te neem na 21jaar is seer, die onbekende wat wag is nogal erg, die realiteit om met absolute leë hande terug te keer na SA na 'n kultuur en land wat ek nie meer ken nie; net soos ek 21jaar gelede na Kambodja gekom het ens ens ....

So hoe berei ek voor .... onder andere...

- Hoekom Maart - een van die dinge wat ek nog altyd in Kambodja gemis het is paasfees en ek wou nog altyd eendag terug keer naby/in paasfees
- 2 uur blokke sessies saam met 'n pastoral counsellor
- Lees van boeke soos 'Looming transitions'
- Praat met die Khmer daaroor - dit help ongelooflik
- Dank aan God vir die Wonder daarvan om Hom 21 jaar in Kambodja te kon dien
- Beplan om Februarie al my goed te verkoop en by vriende of in goedkoop gemubileerde appertment (my eerste keuse) te gaan bly in Maart en dit 'n rustige afskeids maand te maak.
- Huidig het ek bedank vir einde Maart by RAP wat eiende van my kontrak is, maar is besig om tog te oorweeg om dalk vir einde van Feb te bedank ... sodat ek Maart sommer net stil kan wees en afskeid te neem.

Die week het ek saam met Sok gaan sit en gesels oor die feeding scheme en dat dit gaan stop. Interessant was dat hy toe noem dat EFC sê hulle is nie meer babbatjies nie en moet hulle eie gebou etc kry omdat hulle 21jaar gelede in Kambodja tot stand gekom het. Hy trek dit toe na sy kerk in Prek Pcoam en sê sy gemeente bestaan ook al lank ... so 12jaar en dat hulle ook moet groot word en verantwoordelikheid begin neem :-). Ons het 'n goeie en in diepte gesprek gehad oor die kerk en verantwoordelikheid aan lidmate.

Bid vir ons om die wonder van God in roeping ens te kan eer en Hom te verheelik in die proses van losmaking en terug keer.

RAP gaan deur baie veranderinge - bid asb vir 'n nuwe CEO en vir die nuwe projek koordineerder.

Verlede week het ons ,n jong vrou terug vanaf Malysia ontvang - Malaysie is die 'hub' waar die Khmer dikwels labor - slavery ervaar. Hulle vlug dan na die Kambodja ambessade in Malaysia waar hulle gehelp word om terug te keer na Kambodja. Dit is sommer net aaklige omstandighede omdat hulle paspoorte deur 'werkgewers' gehou word en hulle met tronk gedereig word, nie genoeg kos ontvang nie etc. Die fisiese en emosionele skade is immense.

DECEMBER IN NEW ZEALAND.
Ek dank die Here dat Hy dit vir my kinders moontlik gemaak het om vir my 'n vliegtuigkaartje te koop - ek het hulle 2 jaar laas gesien en kan nie wag nie!!!!

## CORNE DU PLOOY skryf uit FRANKRYK

***E-pos 25 Oktober 2016***

Die kinders is alweer op vakansie ! My skoonouers neem d 2 oudstes om d beurt gedurende d vakansie - so ons het NET 3 kinders op 'n keer ! Bid vir d emosionele toestand van Sebastien (7jr). Ons het eerskomende Vrydag ons 4de ontmoeting met d sielkundige (elke besoek kos R980 wat nie deur d medies terugbetaal word nie

Ons kom nou net terug v 'n driedag predikante-retreat saam hulle gesinne - een jaar is dit net die predikante en die volgende jaar hou ons d retreat saam met hulle gesinne. DIe organisering v hierd saamtrek is deel v my verantwoordelikhede as lid vd "predikantebegeleidingskommissie" (dit is d kerk se "human resource" komitee). Die tema hierd jaar was d uitdagings vd bediening vir d predikantsgesin, die gesinsprobleme waarmee 'n predikant in d gemeente te doen kan kry en dan die hulpbronne wat daar tot sy beskikking is om dit te hanteer.

Ons beplan om d 10 Desember Kersliedere op d stadsplein te sing. Ek het nou net d brief aan d stadsraad gestuur om hiervoor toestemming te vra. Ons wil saam met plaaslike Katolieke Kerk sing. Bid asb vir toestemming hiervoor - daar is natuurlik tans 'n noodsituasie in d land na al d gebeure die afgelope tyd in die land.

Ons neem ook deel, gedurende d 1ste naweek v Desember, aan d *Telethon:* (weet nie of julle dit ken nie) dis nasionale publieke projek om geld in te samel vir navorsing vir seldsame genetiese siektes.

Net na d skoolvakansie, het ons 'n bybelstudie oor d "duiwel" - lees gerus d boekie v Stefan Joubert hieroor.

Gaan voort om vir Annie te bid wat besig is om d geloof in Christus te ontdek.

Bid vir ons - en julle - finansiële situasie wat al hoe moeiliker word. God bly getrou !

## LAUDIUM Outreach Group (LOG)

Johan Naude skryf:

*1. Drie hoogtepunte van my persoonlike deelname aan die werksaamhede van die "Laudium Outreach Group" in 2016.*

*- Om te kon ervaar hoedat Jesus 'n jong dame, Serisha, vrygemaak het van 'n legio van demoniese magte wat haar letterlik vir jare as 'n slaaf geboei het.*

*- Om twee jong manne, Jitesh en Zane, wat voorheen Hindoe dwelmverslaafdes was, na Jesus te kon lei. Hulle is nou reeds vier maande lank "skoon" en groei pragtig op hulle geestelike reis.*

*- Om 'n Graad 11 meisie, Taslin, wat een van my kategese studente was, na die Here toe te kon lei. Behalwe dat sy van daardie dag af 'n uitgesproke getuie vir Jesus geword het, het sy nou aan haar ouers haar toekoms-planne bekend gemaak – sy wil na skool 'n sendeling wees. Sy reik nou reeds saam met ons in die Laudium Outreach Group uit, om te leer hoe om mense te benader met die Evangelie van Jesus.*

*2. My grootste uitdagings gedurende 2016.*

*- Hierdie jaar was vir my persoonlik 'n besondere groot uitdaging gewees, weens die ernstige siekte van my vroutjie, Rita. Ons bid maar gereeld vir haar en kyk met verwagting op, dat die Here ook in hierdie opsig 'n wonderwerk in haar lewe sal doen.*

*3. Persoonlike doelwitte vir 2017 ?*

*- My doelwit vir 2017 is om – en hierdie is nie 'n "cliché" nie – maar om meer tyd te spandeer om met Jesus te praat oor mense, voordat ek met mense gaan praat oor Jesus. Hy alleen is die een wat die groei teweegbring.*

*Baie dankie vir julle Gemeente se ondersteuning. Wees verseker dat ons dit baie hoog op prys stel. Mag julle ook die Here se seën in julle bediening ervaar.*

## Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

**Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.** Ek is steeds besig om op die Sondae wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, ‘n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir arm kinders/families te werf.

**Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv ‘n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv ‘n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.**

*Hier volg ‘n bietjie inligting/terugvoering oor van die werk wat SSG doen:*

*“Self-sufficiency is a crucial part of our work with families in Eastern Europe. The Keda family in Western Ukraine are a recent example of the short and long term success this approach can have on a family.*

*Father of six, Valentyn is a loving and caring husband and is also a pastor at his local Pentecostal church. Despite their faith, the family have faced hard times over the years with economic crisis after crisis and mass unemployment. Valentyn often went for months without any pay, and the family fell further and further in to debt.*

*In 2010, the family were enrolled on Mission Without Borders Family to Family programme and things began to change. Suddenly Valentyn instead of returning home empty handed, came home with food parcels from the Mission's office. Trust and confidence grew and the burden of feeding their children lessened.*

*In 2014 the family were then empowered and equipped by MWB to start their own business. Supplying them with all the material and equipment Valentyn built his own greenhouse. Growing all types of crops for every season and selling them at the market in the town of Rivne has brought them to self-sufficiency.*

*"This is our first debt-free year", the father says. "For so many years we lived in that vicious circle, borrow and earn, repay and borrow again… Now our life has changed completely, and we are so grateful to our Lord for these astonishing changes! Mission Without Borders is such a great blessing for us!"*

*Launching your own business like this is, however, anything but easy. Long hours and protecting crops from the harsh Ukrainian winter is taxing but hugely rewarding for the*

*family. It is also not just Valentyn who works, but the whole family, who in the process are learning skills and gaining skills to help them survive in the future too.*

*One daughter, Marichka, 12, said: "Of course, this is not easy, but I enjoy doing it, and I really want to help my parents as they are trying their best to provide for us!"*

*By supporting a family like this in Ukraine you can change their lives. Through self-sufficiency you can help break the cycle of poverty which often runs from generation to generation in families in Eastern Europe.*

## Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

| | |
|---|---|
| Ds Corné du Plooy<br>Sending Sonder Grense<br>Koerde/Olive Shoot | Ds Leon Tait<br>082 601 4235 |
| Ds Hannes Peens (Limpopo) | Stanwin Street<br>079 525 5695<br>Carl de Beer<br>083 443 9256 |
| Mosambiek | Carl de Beer<br>083 443 9256 |
| Gebedsketting<br>Laudium | Alet Briers<br>012-331 1311 |
| Alta Glas | Koenie Goosen<br>084 652 8773<br>012 333 5325 |

Sendinggroete in Christus
**Sending (as deel van die nuwe Diensgetuienisbediening)**
NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615
Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u ‘n kwitansie van u inbetaling verlang los ‘n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u ‘n kwitansie.
By voorbaat dank, Sending taakspan